**LIEFDE IS WETSONDERHOUDING** **DIE WET IS NIE DIE EVANGELIE NIE** **NET CHRISTUS IS DIE EVANGELIE**

| DIE WET: LIEFDE<br>KENNIS VAN SONDE | DIE WET<br>DANKBAARHEID | DIE EVANGELIE<br>VERLOSSING |
|---|---|---|
| "[37] Jesus antwoord hom: "'Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. [38] Dit is die grootste en die eerste gebod. [39] En die tweede, wat hiermee gelyk staan, is: 'Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.' [40] In hierdie twee gebooie is die hele wet en die profete saamgevat." Matt.22: | Toe het God al hierdie gebooie aangekondig:<br>Ek is die Here jou God wat ou uit Egipte, uit die plek van slawerny bevry het Jy mag naas my geen ander gode hê nie Jy mag nie vir jou 'n beeld of enige afbeelding maak van wat in die hemel daarbo in die hemel of op die aarde hieronder nie of in die water onder die aarde is nie. Jy mag hulle nie vereer of dien nie, want ek, die Here jou God eis onverdeelde trou aan My. Ek reken kinders die sondes van hulle vaders toe, selfs tot in die derde geslag van die wat My haat, maar Ek betoon my liefde tot aan die duisendste geslag van die wat My lief het en My gebooie gehoorsaam Jy mag die Naam van die Here jou God nie misbruik nie, want die Here sal die een wat sy Naam misbruik, nie ongestraf laat bly nie. Sorg dat jy die Sabbatdag heilig hou. Eer jou vader en jou moeder ..... Jy mag nie moord pleeg nie. Jy mag nie egbreuk pleeg nie. Jy mag nie steel nie. Jy mag nie vals getuienis teen 'n ander gee nie. Jy mag nie iemand anders se huis begeer nie....<br>Exodus 20 | Ek **glo** in **God die Vader**, die Almagtige, die Skepper van hemel en aarde; en in **Jesus Christus**, **sy enniggebore Seun**, **ons Here**;<br>wat ontvang is van die Heilige Gees,<br>**gebore uit die maagd Maria**;<br>wat gely het onder Pontius Pilatus,<br>gekruisig is,<br>gesterf het<br>en begrawe is<br>en ter helle neergedaal het;<br>wat op die **derde dag opgestaan het uit die dood**;<br>wat opgevaar het na die hemel<br>en **sit aan die regterhand van God**, die almagtige **Vader**,<br>van waar Hy sal kom om die lewendes en die dooies te oordeel<br>Ek glo in die **Heilige Gees**;<br>ek **glo** aan 'n heilige, algemene, **Christelike kerk**,<br>die gemeenskap van die heiliges;<br>die vergewing van sondes;<br>die opstanding van die liggaam<br>en 'n ewige lewe. |

**Die Evangelie is: wat Jesus doen, God se liefde vir ons en dit is gawes aan ons Rom. 1: 1-6 en Die wet is wat ons doen. Die wet is ons liefde vir God. Rom. 2: 17-22; 3: 20; 13: 8-10.**